Landbouweekblad 25 Mei 2018

LANDBOUBESTUUR

# STAAT SE SLOERDERY KAN RAMPROJEK KELDER

**DIE** wolbedryf is bekommerd oor die betrokkenheid van die staat by die genetiese verbeteringsprojek (ramprojek) en die wolontwikkelingsprogram, aangesien die finansiering van die program in die weegskaal is.

Volgens mnr. Leon de Beer, hoofbestuurder van die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV), wag die NWKV steeds op terugvoering van die Tesourie oor sy aansoek om die verlenging van die ramprojek en dus die meegaande finansiering wat daarmee verband hou.

"Dit is 'n baie suksesvolle projek en ons kan nie verstaan waarom die staat so sukkel om te besluit of ons moet voortgaan of nie. En dít terwyl ons reeds in Desember 2015 'n aansoek ingedien het om die projek te verleng," sê De Beer.

As deel van die projek versprei die NWKV jaarliks ongeveer 3 000 goeie wolramme as teelmateriaal in die kommunale gebiede in die Oos-Kaap. Die doel daarvan is om die wolskaapkuddes te verbeter sodat wolproduksie en -gehalte kan toeneem. Die staat dra jaarliks nagenoeg R10 miljoen tot die projek by.

## TYD KRITIEK MIN

De Beer sê die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming is die enigste party wat die Tesourie kan oorreed dat die NWKV ál diensverskaffer is met die nodige dienste om die projek te ondersteun. Die NWKV wag egter steeds op terugvoer van dié departement oor die kwessie.

Hy sê dit is 'n deurlopende projek wat nie vir 'n jaar of meer gestaak kan word nie, aangesien daar spesifieke ramme vir die projek geteel word.

Weens die gesloer kon nog geen ramme vanjaar versprei word nie. De Beer sê die NWKV kan nie tot later as einde Mei wag om ramme te versprei nie, aangesien die ramme voor die winter reeds by die boere moet wees as deel van hul produksieskedule.



Die uurglas loop leeg vir die voortsetting van die Nasionale Wolkwekersvereniging se ramprojek om teelmateriaal van kommunale boere se skape te verbeter. FOTO: FREDALETTE UYS

## SUKSESVOL

Die ramprojek is een van Suid-Afrika se suksesvolste transformasieprojekte. Wolproduserende gemeenskappe in die kommunale gebiede van die Oos-Kaap, soos die Transkei en Ciskei, het verlede jaar 'n totaal van R300 miljoen verdien – alles te danke aan wolverkope. Danksy hierdie projek kan die nagenoeg 27 000 boere in die kommunale gebiede onder meer op internasionale markte met wolboere van Australië meeding.

Die NWKV het sedert 2002 meer as 45 000 ramme met goeie gene aan die kommunale boere beskikbaar gestel. Daardeur het wol uit dié streke wat deur die formele mark bemark is van 223 000 kg in 2002 tot 5,8 miljoen kg verlede jaar gestyg.

– FREDALETTE UYS